education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE ASSESSERING

## GRAAD 11

## BESIGHEIDSTUDIES V1
## NOVEMBER 2024

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord EEN van die TWEE vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let daarop dat SLEGS die eerste TWEE vrae in AFDELING B en die EERSTE vraag in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is nie.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

| **AFDELING** | **VRAAG** | **PUNTE** | **TYD (minute)** |
|---|---|---|---|
| **A: Objektiewe-tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **30** | **20** |
| | | | |
| **B: DRIE direkte/indirekte-tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.** | **2** | **40** | **70** |
| | **3** | **40** | |
| | **4** | **40** | |
| **C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.** | **5** | **40** | |
| | **6** | **40** | **30** |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.

8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

### VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.6 D

1.1.1 Werknemers van Mahomed Handelaars het hul toevlug tot ‘n … geneem deur te weier om te werk om druk op werkgewer te plaas om aan hul eise toe te gee.

A sloerstaking
B toesluiting
C staking
D bedanking

1.1.2 'n Situasie waar hulpbronne wat verband hou met boerdery, mynbou en fossielbrandstof oorbenut en uitgeput word, staan bekend as ...

A ongeletterdheid.
B gebrek aan vaardighede.
C onbeskikbaarheid van natuurlike hulpbronne.
D uitputting van natuurlike hulpbronne.

1.1.3 Die besigheid het … beheer oor die mikro-omgewing.

A geen
B min
C volle
D beperkte

1.1.4 Ninja Genote bied ... produkte wat kliënte tevredenheid oor verwagtinge veroorsaak.

A standaard
B gehalte
C afslag
D swakker gehalte

1.1.5 Ranzo Bouers doen … om nuwe werknemers aan die besigheid en sy verwante aspekte bekend te stel.

A induksie
B vakansies
C plasing
D onderhoude (5 x 2) (10)

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| SARB; visie; korrupsie; inspeksie; storting; oorname;<br>missie; SABS; korrektiewe aksie; samesmelting |

1.2.1 Ontwikkelde lande stuur goedere wat hulle nie in hul lande kan verkoop nie na ander ontwikkelende lande teen laer pryse. Dit staan bekend as …

1.2.2 Dave Lewende hawe ontwikkel die … vir die besigheid om te voorspel hoe die toekoms van die besigheid sal lyk.

1.2.3 Johan Onderneming en Marina Verskaffers het 'n … dokument onderteken om hul besigheid te kombineer om een te word.

1.2.4 Matlala Ingenieurswese doen … met gereelde intervalle om die gehalte van die proses en die finale produk na te gaan.

1.2.5 Die … is 'n nasionale standaardiseringsowerheid wat deur die regering gestig is. (5 x 2) (10)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Wet op Gelyke Indiensneming | A beskryf die pligte en verantwoordelikhede van 'n spesifieke werk |
| 1.3.2 Invoere | B goedere of dienste wat Suid-Afrika plaaslik vervaardig en in ander lande verkoop |
| 1.3.3 Direkte verspreiding | C 'n benadering wat vereis dat alle aspekte van 'n organisasie op die gehalte van 'n produk moet fokus |
| 1.3.4 Posbeskrywing | D 'n kanaal met minstens een tussenganger tussen die produsent en verbruiker |
| 1.3.5 TGB | E beskryf die minimum aanvaarbare persoonlike eienskappe wat nodig is vir die werk |
| | F 'n kanaal waar produkte en dienste tussen die produsent en die verbruiker uitgeruil word |
| | G het ten doel om onbillike diskriminasie teen ras en geslag in die werkplek uit te skakel |
| | H 'n benadering wat gehalte-standaarde stel en wat leiding verskaf oor gehalteversekering |
| | I het ten doel om die vaardighede van alle mense in die land te verbeter |
| | J goedere of dienste wat buite Suid-Afrika vervaardig word |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

## VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

2.1 Noem enige TWEE komponente van mikro-omgewing. (2)

2.2 Beskryf kortliks die doel van die Wet op Arbeidsverhoudinge. (6)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**GORDYN ONTWERPERS (GO)**

Gordyn Ontwerpers spesialiseer in huisgordyne en is weens verskeie redes nie winsgewend nie. Die regering het invoerbelasting op die tekstielitems verhoog. Baie kliënte het hul werk verloor weens COVID-19-verwante kwessies.

2.3.1 Identifiseer TWEE uitdagings van die makro-omgewing wat op GO van toepassing is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n GIDS om vraag 2.3.1 te beantwoord

| UITDAGINGS | MOTIVERING |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

2.3.2 Bespreek maniere waarop besighede by die makro-omgewing betrokke kan wees. (4)

2.4 Verduidelik die voordele van netwerkgebruik. (4)

2.5 Bespreek die funksies van vakbonde. (4)

2.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**AFRIKA RESTAURANT (AR)**

Afrika Restaurnant verkoop Afrika-kos in verskeie lokasies in Suid-Afrika. AR het onlangs kliënte verloor weens rooftogte in die omgewing. Sommige kliënte word ook geraak deur die algemene styging in die prys van kommoditeite.

2.6.1 Noem TWEE sosio-ekonomiese kwessies wat in die scenario hierbo genoem word. (4)

2.6.2 Verduidelik die impak van ’n tekort aan vaardighede op besighede. (4)

2.7 Stel maniere voor waarop besighede mededinging in die mark kan oorkom. (6)
**[40]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**

3.1 Noem VIER bemarkingsaktiwiteite. (4)

3.2 Beskryf kortliks die rol van tussengangers in die verspreidingsproses. (4)

3.3 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae wat volg.

**ANO ONDERNEMING (AO)**

Ano Ondernemings ontwikkel voortdurend hul produkte om markaandeel te wen. AO verkoop handelsmerkjuweliersware. Hulle verskaf ook gehalte brode aan alle kliënte.

3.3.1 Identifiseer TWEE tipes verbruikersgoedere en motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die table hieronder as ‘n RIGLYN om VRAAG 3.3.1 te beantwoord.

| TIPE VERBRUIKSGOEDERE | MOTIVERINGS |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

3.4 Verduidelik die belangrikheid van produkontwikkeling. (6)

3.5 Bespreek die verskil tussen *stukwerk* en *tydverwante* salarisbepalings-metodes. (4)

3.6 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae wat volg.

**SONSKYN HANDELAARS (SH)**

Sonskyn Handelaars het die pos vir 'n finansiële bestuurder op hul kennisgewingbord geadverteer om 'n geskikte kandidaat te vind. Die bestuur van SH moet die korrekte werwingsprosedure volg.

3.6.1 Noem die werwingsmetode wat SH in die scenario hierbo gebruik. (2)

3.6.2 Verduidelik die werwingsprosedure. (4)

3.7 Bespreek die doeltreffendheid van persoonlike verkope in die bevordering van 'n besigheidsproduk. (4)

3.8 Adviseer besighede oor die wetlike vereistes van 'n dienskontrak. (6)

**[40]**

## VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

### BESIGHEIDSOMGEWINGS

4.1 Noem enige VIER uitdagings van die markomgewing. (4)

4.2 Bespreek kortliks projekte wat deur besighede aangepak kan word as deel van sosiale verantwoordelikheid. (6)

4.3 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae wat volg.

**KRAG OPLOSSINGS (KO)**

Kragoplossings het sonkrag-energie ontwikkel. KO is bekommerd dat ander ondernemings hul ontwerp gaan namaak, en daarom het hulle hul nuwe uitvinding geregistreer. Hulle het ook 'n spesiale simbool van 'n gloeiende son gebruik om kliënte in staat te stel om hulle besigheid te identifiseer.

4.3.1 Identifiseer TWEE oplossings vir roofkopiëring wat deur KO geimplementeer word. Motiveer jou antwoord deur aan te haal vanuit die scenario hierbo.

Gebruik die tabel hieronder as 'n GIDS om VRAAG 4.3.1 te beantwoord.

| OPLOSSINGS TOT ROOFKOPIERING | MOTIVERING |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

4.4 Gee besighede advies oor die voordele daarvan om by die makro-omgewing betrokke te wees. (6)

### BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

4.5 Noem enige VIER tipes verpakking. (4)

4.6 Beskryf kortliks die keuringsprosedure as 'n menslikehulpbron aktiwiteit. (6)

4.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**WOLKLERE (WK)**

Wolklere vervaardig winterklere vir babas. Die bestuur verseker dat WK aan die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid voldoen. WK verseker dat hul noodhulpbokse altyd beskikbaar is. Hulle sorg ook dat vuurblussers beskikbaar is in die werkplek.

4.7.1 Haal TWEE maniere aan waarop WK aan die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid voldoen. (2)

4.7.2 Verduidelik ander maniere waarop WK aan die Wet op Beroeps-gesondheid en -veiligheid kan voldoen. (4)

4.8 Beveel voorsorgmaatreëls aan wat besighede in ag moet neem wanneer hulle masjinerie hanteer. (4)

**[40]**

**TOTAAL: AFDELING B: 80**

## AFDELING C

**Beantwoord ENIGE EEN vraag in hierdie afdeling.**

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van die vraag wat jy gekies het, duidelik aan. Die antwoord op die vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy OF VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWINGS ( AANPASSING BY UITDAGINGS VAN DIE BESIGHEIDSOMGEWINGS)

| |
|---|
| Besighede moet by invloedwerwing betrokke wees om in die dinamiese sakewêreld te kan oorleef. Bestuur moet bewus wees van verskillende redes en tipes invloedwerwing om mededingend te bly. Sommige besighede vorm magsverhoudinge om seker te maak dat besluite wat deur die owerhede geneem word in die guns van besighede is. |

Skryf 'n opstel oor aanpassing by die uitdagings van die besigheidsomgewing waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Brei uit oor die betekenis van die *invloedwerwing*.
- Beskryf die redes waarom besighede gebruik maak van invloedwerwing.
- Bespreek DRIE tipes invloedwerwing.
- Stel maniere voor waarop besighede die volgende strategieë kan gebruik om magsverhoudinge te vorm:
  - Oorreding op groot beleggers
  - Maatskappy verteenwoordigers se invloed

**[40]**

### VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYF (BEMARKINGSFUNKSIE)

| |
|---|
| Alle besighede is bewus van die belangrikheid van prysbepaling om finansiële sukses te verseker. Dit is daarom die rede hoekom bemarkingsbestuurders dikwels eksperimenteer met verskillende prystegnieke. Dit is belangrik vir besighede om al die faktore te ontleed wat hul pryse sal beïnvloed, en om van verkoopspromosies gebruik te maak om mededingend in die mark te bly. |

Skryf 'n opstel oor die bemarkingsfunksie waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die belangrikheid van prysbepaling.
- Verduidelik die volgende prystegnieke:
  - Koste-gebaseerde pryse
  - Kompetisie-gebaseerde pryse
- Bespreek enige VIER faktore wat prysbepaling beïnvloed.
- Adviseer besighede oor die doel van verkoopspromosies.

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou